KONGRESSE

PROVINSIALE TAKKE NEEM VEESAKE ONDER DIE LOEP

Die droogte, dieresiektes, veediefstal en die bestryding van roofdiere is van die sake wat in die soeklig gekom het op die kongresse van die Rooivleisprodusente-organisasie (RPO) se takke in die Noord-Kaap, die Vrystaat en die Wes-Kaap.

WES-KAAP

Mnr. John Durr, voorsitter van die Wes-Kaapse RPO, het in sy voorsittersrede gesê die impak van die droogte in die Wes-Kaap se drie belangrikste produksiestreke is nie in dieselfde mate gevoel nie. Dit het egter wel 'n groot invloed op die bestuur van veeboerderye in dié gebiede en die veebedrywe in die Wes-Kaap as 'n geheel gehad.

Die Overberg, wat vir ongeveer 50% van die veeproduksie in die Wes-Kaap verantwoordelik is, het weer 'n bogemiddelde produksietyd vir graangewasse én veeproduksie gehad.

Die Swartland en die Weskus is deur klein graanoeste gekenmerk, wat 'n groot impak op die produksie van voergewasse en ruvoer gehad het. Dié twee streke is vir ongeveer 29% van die provinsie se veeproduksie verantwoordelik, asook vir die reproduksie van diere in daardie gebied. Die Sentraal-Karoo en Ceres is vir ongeveer 21% van die veeproduksie verantwoordelik.

Wat dieresiektes betref, het die impak van die droogte die aspek van biosekerheid op plase opnuut beklemtoon. Saam met die "mooi" van die droogtehulpverlening in die vorm van loopplek vir diere uit die droogtegeteisterde gebiede, het die siektes ook uit daardie gebiede na die Wes-Kaap gekom.

Durr het gesê boere mag nooit toelaat dat Suid-Afrika sy status as vry van bek-en klouseer verloor nie. Sommige van die noordelike voerkrale voer tans tot 30% van die diere wat geslag word, uit. Dit het 'n groot impak op die huidige goeie beesvleispryse tot gevolg.

Vroegtydige optrede moet steeds die wagwoord wees. Dit was ook die hoofrede waarom die voorkomende optredes van die staat in die verlede so suksesvol was. "Talle van hierdie stelsels geld egter nie meer nie. Boere sal hul organisasies in die georganiseerde landbou se hande moet versterk om druk op die staat uit te oefen vir vinnige optrede as krisisse ontstaan."

Wat transformasie betref, het die Wes-Kaapse RPO die afgelope jaar meer as 50 dae aan transformasievergaderings afgestaan, teenoor 30 dae die vorige jaar. Talle van die provinsie se bestuurslede tree ook op vrywillige grondslag as mentors van swart boere en hul organisasies op.

Hulle werk deur die Wes-Kaapse Landbouforum nou saam met daardie organisasies en boere. Suksesvolle swart veeboere is reeds volstoom aan die gang en word verder ondersteun deur RPO-lede se betrokkenheid op sekere komitees, wat baie tyd en kundigheid vereis, het Durr gesê.

- Mnr. Louis Wessels van Riversdal is tot die nuwe voorsitter van die Wes-Kaapse RPO verkies.

VRYSTAAT

Veekuddes in die Vrystaat het teen einde Januarie met 20% verminder weens die droogte, het mnr. Neels de Villiers, voorsitter van die Vrystaatse RPO, op sy organisasie se kongres gesê.

Dit is volgens 'n opname deur die departement landbou-ekonomie aan die Universiteit van die Vrystaat, wat deur die RPO aangevra en gefinansier is. Vee is verder verminder weens die naderende winter omdat boere nie genoeg voer of weiding het nie. Kuddes in sekere dele van die provinsie is met tot 50% verminder.

De Villiers het gesê verbruikers se bestedingsvermoë is steeds die grootste dryfveer van pryse. Dit word beïnvloed deur ekonomiese groei, die wisselkoers, rentekoerse wat styg, werkloosheid wat toeneem, voedsel en vleis wat skaars en duur gaan raak, asook stygende voedselinflasie wat verbruikers dwing om goedkoper proteïenbronne te koop. Dit alles kan 'n ongunstige invloed op die prysverwagtinge van rooivleisprodusente hê.

"Dit bly egter steeds elke produsent en die RPO se verantwoordelikheid om die klem te laat val op die puik gehalte en die gesondheidswaarde van rooivleis. Om saam met die koor te kla oor verbruikerspryse van rooivleis, is nie in die bedryf se belang nie," het hy gesê.

Die RPO monitor die afgelope vyf jaar vleispryse by drie kettingwinkels en een slaghuis in Bloemfontein. Daarvolgens word verbruikers nie uitgebuit nie. Van elke rand wat bestee word, kry boere 45% vir skaapvleis en 50% vir beesvleis.

Vleispryse is wel buitensporig hoog by sommige handelaars. Verbruikers moet aangemoedig word om te koop met hul beursies in gedagte en nie die uitbuiters te ondersteun nie. Vleisaankope in groot maat is ook goedkoper, het De Villiers gesê.

- Mnr. Nelius Ferreira van Harrismith is tot die nuwe voorsitter verkies.

NOORD-KAAP

Een van die grootste bedreigings vir die nasionale veestapel is dieregesondheid – en die situasie lyk tans nie goed nie. Só het mnr. James Faber in sy voorsittersrede op die Noord-Kaapse kongres gesê.

Op die internasionale en plaaslike front word Suid-Afrika se kudde deur siektes bedreig.

"Die vraag wat elke boer homself moet afvra, is wat hy/sy gaan doen om sy/haar kudde te beskerm. 'n Behoorlike gesondheidsplan en 'n biosekuriteitsplan moet geld."

Faber het boere ook versoek om die werksaamhede van die roofdierbestuursforum te ondersteun, die kode van beste praktyk in die Noord-Kaap toe te pas, geïntegreerde produksiepraktyke te bevorder en belanghebbendes te bemagtig om veediefstal in die Noord-Kaap te voorkom.

Verder is die vestiging van kleiner boere uiters belangrik. Een van die boustene is behoorlike opleiding en inligting. Die model wat die Nasionale Wolkwekersvereniging gevestig het om beginnerboere by te staan, word ondersoek, het Faber gesê.

Volgens hom is die kwessie van grond tans die grootste enkele debat in die landbou. Grondplafonne en die verdeling van grond raak elkeen wat eiendom besit.

In die Noord-Kaap is distrikskomitees vir grondhervorming gestig. Dié komitees is in al vyf landelike rade van die provinsie op die been gebring. Die RPO in die Noord-Kaap het sitting op die onderskeie komitees. Volgens Faber is dit uiters belangrik dat die RPO aan dié debatvoering sal deelneem.

HIERDIE BLAD IS DEUR DIE ROOIVLEISPRODUSENTE-ORGANISASIE GEBORG.
BERIGTE IS DEUR DIE RPO GESKRYF EN VERSKAF. RIG NAVRAE AAN DIE RPO BY **012 349 1102**.
E-POS: **rpo@lantic.net**. WEBWERF: **www.rpo.co.za**.